

## TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

lik Saar, my ou hartlam, jy moet my tog asseblief nie kwalik neem nie, maar in hierdie saak van ou Geelmeis verstaan ek jou glad nie."

„Nou wag", sê tant Saar, „dan sal ek jou eers 'n paar vrae vra: ten eerste, onthou jy nog die treurige somer van 1906 toe ons 'n lang stok aan arme ou Geelmeis se stert moes vasknoop?"

„Maar my ou hartlam, wie sal dan daardie treurige somer vergeet?" vra oom Frikkie weer.

„En weet jy nog", hervat tant Saar, „hoe sy ons aangekyk het as ons die stok se sleepsels vat en haar in die ou dooie veld kry, waar sy gaan kossies soek het en bly lê het?"

„Ja, Saar, my ou hartlam", antwoord oom Frikkie, „daardie twee oë waarmee ou Geelmeis ons menige dag in daardie treurige somer aangestaar het, staan my vandag nog duidelik voor die gees."

„Nouja, Frikkie", sê sy, „en onthou jy nog wat die môre gebeur het toe ons op Lelikbakkies geworstel het om weg te kom na Koerkaskom se vleie?"

„Saar, my ou hartlam", sê oom Frikkie, „regtig, jy laat lewe 'n mens weer in die dae wat verby is; daardie môre op Lelikbakkies sal ek nooit vergeet nie. Ons was sonder water en sonder alles, maar ons arme osse was te ellendig van dors en honger om ons ou wa oor Lelikbakkies se duine te kry. Dit het toe gelyk of mens en dier

## TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

maar moes lê en vrek. En toe kom ou Geelmeis bulk-bulk aangestap uit die ander beeste na ons wa toe. En weet jy nog, toe sê ek vir jou: 'Saar, my ou hart se punt, kyk, hier kom ou Geelmeis aan net asof sy wil kom help'. Ja, en toe sê jy nog: „Nouja, Frikkie”, sê jy, 'kom ons span vir haar en haar oudste vers, vir klein Geelmeis, langs mekaar voor in, want sulke koeie trek soms baie beter as osse'.

En toe maak ons so — nie waar nie, ou hartlam? Ja, toe maak ons so en span vir ou Geelmeis en klein Geelmeis voor ons voorosse. En toe lyk dit of ons ou troue voorosse — maer en ellendig as hulle is, die arme goed — rêrig vies word dat ou veragte koeie voor hulle gespan word, want toe word hulle mos so vreeslik ongeduldig, weet jy nog? Ja, en toe ons laat wegslinger en weer pad-toe laat kom, toe val die Geelmeise en die voorosse almal op hulle knieë van beur, beur . . . en toe kom die wa, . . . toe kom die wa! En toe was die gort gaar, want toe fluit net beeskele onder jukke en stroppe, maar toe kom die wa en toe trek ons oor Lelikbakkies se duine wat byna-byna ons almal se graf ge-wees het.”

„Ja, Frikkie, dis alles die waarheid”, sê tant Saar, „maar dis nog niks, want bekyk net vandag vir Susara, ons enigste, nog lewende dogter; kyk watter 'n tamaai, spekvet nooi is sy vandag,

## TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

en bedink dan net hoe sy daar uitgesien het in haar suiglingdae toe my bors aan sweer geraak het. Was dit nie net ou Geelmeis se melk wat toe alleen vir haar ou teer magie goed was nie?

Ek sê vir jou, Frikkie, die Heer het daardie dae ou Geelmeis se melk as 'n middel gebruik om ons enigste ou Susaratjie se lewetjie van die honderdood te red."

„Ja-nee, my ou hartlam", stem oom Frikkie in, „'n mens kan nie anders sê nie."

„Ja, en as ek nou daarby dink", sê tant Saar weer, „aan al die jare se soetmelk en dikmelk en karringmelk en botter van ou Geelmeis, en aan al die vriendelike verstandhoudings tussen ons en haar, en aan haar ou bewende lippe toe sy so smartlik gely het van die barsklawer wat sy per ongeluk gevreet het, en aan haar ou twee oë wat my toe in haar doodsangs om hulp gesmeek het — dan word die ou wêreld vir my vandag droewig, droewig."

„Wil jy glo, Saar, my ou hartlam", sê oom Frikkie nou, „nou begin ek mos te verstaan wat daar in jou hart omgaan omtrent die verkoop van ou Geelmeis. En nou sien ek ook alles in soos jy dit sien en voel; dis swaar om vir ou Geelmeis op haar oudag te verkoop, en dis nog swaarder om haar hier op ons werf te hou tot haar werklike einde aanbreek, en sy ons dan tevergeefs met

## TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

haar ou bewende lippe en smekende oë sal soebat om hulp."

„Ja, Frikkie, my ou man, nou slaan jy eers die spyker op sy kop", sê tant Saar, „en nou sal jy my verstaan as ek sê dat ek vir ou Geelmeis op glad 'n ander manier as ander beeste wil verkoop, en . . ."

„Ja, my ou hartlam", val oom Frikkie haar hier in die rede, „ons kan nie vir ou Geelmeis geld ontvang soos vir ander beeste nie; ons kan nie, ons kan nie, — dit sal na bloedgeld ruik, en tog . . ."

„En tog moet ons haar verkoop", val tant Saar weer vir oom Frikkie in die rede, „ons moet haar verkoop terwille van haar ouderdom, en haar ou twee lippe, en haar ou oë, en al die ander baie en onvergeetlike dinge wat al die jare tussen ons en haar bestaan het. Dis vir my swaar, maar dis nog die beste, . . . maar ek sal nie met die beeskoper verder oor ou Geelmeis kan praat nie. Jy, ou Frikkie, my ou man, ek vertrou op jou; jy moet maar vir hom die ding duidelik maak, as jy ook nie die hart het om ou Geelmeis se geld te ontvang nie."

„Nee, Saar, my ou hartlam", antwoord oom Frikkie, „ek het nou ook nie die hart vir soiets nie, want jy het my nou darem te weekhartig gemaak. Maar ek sal aan ons leraar skrywe en ek sal sorg dat die beeskoper ou Geelmeis se geld

## TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

aan ons ou dierbare leraar aflewer, en dan sal hy met blydschap ou Geelmeis se geld aan die behoefstigste kranklikes van ons gemeente besteë."

Tant Saar knik net toestemmend by hierdie woorde en toe stap sy na haar ou kookskermkie.

Toe die beeskoper die volgende dag daar kom, het oom Frikkie hom somar dadelik eenkant geroep en toe vir hom ewe haastig gesê: „Neef, jy moenie vandag één woord met ou Saar oor Geelmeis praat nie; maar jy kan die ou koei vir £ 12 kry — dis volgens markprys en is sy ook nou eerlik werd. Maar jy moet asseblief dié som op die dorp aan ons leraar oorhandig; hy moet dit hê en ek sal hom daarvan skrywe ook."

„Goed, oom Frikkie", antwoord die beeskoper, „ou Geelmeis is nou vet en swaar genoeg vir daardie prys, en ek kan jou die plesier doen om dit aan julle leraar af te lewer, want ek gaan nou juis oor julle dorpie."

Oom Frikkie het toe gemeen dat die saak hiermee afgehandel is, en so stuur hy 'n jong om gou vir ou Geelmeis daar kortby uit sy eie beeste te gaan keer, en tussen die beeskoper se diere te bring, wat toe net verby kom.

Ou Geelmeis laat haar geduldig aanja tot by die ander beeste en vertrek toe ook met hulle na 'n rantjie waaroor die trop spoedig sou verdwyn.

Tant Saar het intussen 'n wonderlike gevoel gekry wat sy nie kon onderdruk nie; sy moes nog

### TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

verlaas vir ou Geelmeis sien. En toe die drang om 'n laaste sien by haar te sterk word, toe stap sy haastig om die huis en tuur na die wegtrek-kende beeste. Ou Geelmeis het ondertussen ook baie vreemde beeste tussen die trop gesien, en glo toe ook onraad gewaar, want opeens vlieg sy onverwags 'n hele end terug en staan toe en bulk na die huis dat die vlaktes antwoord gee."

Tant Saar en oom Frikkie het alles gesien en toe sonder 'n woord langs mekaar gaan sit. Gelukkig was die beeswagters darem gou by die hand en jaag toe somar weer vir ou Geelmeis teen die rantjie uit.

Maar voor die wagters met haar by die ander beeste is, staan en wuif tant Saar die ou dier met haar ou geel doek agterna en sê: „Ek het jou vandag verraai, ou Geelmeis, ek het jou verraai!”

## H o o f s t u k XVII.

### 'N BOESMANLANDSE NOOI.

Ouslien is 'n noointjie van sowat agtien jaar oud. Ou mense hou van haar; jongkêrels kuier by haar; ander nôintjies is afgunstig op haar.

Sy is altyd gesond en fris, baie mooi en lief, inniglik goed en sag.

Haar ogies werp jou geduriglik sulke wonderlike blikkies toe wat jou somar verlief maak. Bring die lewe lief of leed, uit hulle straal maar altyd 'n blymoedige lag. Sy tower, sy liefoog met hulle. Skryf jy aan haar 'n brief, jy sal verplig wees om te begin: „Liefste Ouslien, . . .”

Sy is 'n goeie voorbeeld van die egte Boesmanlandse nooi. Veral vroeër was daar baie van haar soort. Sy het nog nie haar hare afgeknip nie, en dus is sy die besitster van 'n dik bos blonde hare wat reg oor die koeëlronde koppie in twee gesplits en glad gekam is en van agter in 'n dik gevlegte string tussen haar mooi gevormde skouers tot oor haar middel toe afhang.

Die vriendelike gesiggie is vol en byna rond. Die blosende wangetjies kry kuiltjies by elke ou laggie. Die melkwit voorkoppie is groot oop, breed en versier met helder, blonde winkbroue, waaronder die reeds gemelde guitige en diepdonkerblou ogies soos sterretjies fonkel. Die

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

mondjie is net matig, en so ook die twee sagte rooi lippies — dis te sê, nie te groot nie, nie te dun en nie te dik nie.

As jy vir Ouslien goed bekyk, sal jy dadelik bemerk dat jy met 'n onskuldige en nederige sussie te doen het. Daar is ook drie dinge waarin sy uitblink, en dit is in haar aantreklike klere-drag, in haar vriendelike omgang met mens en dier en in haar groot verstand in die boerdery.

Sy is 'n velds- en trekkerskind. Haar klere het dus altyd sindelike kleure; en hulle is steeds baie eenvoudig, maar netjies van sterk stof gemaak. Vir Sondag het sy gewoonlik 'n swart merienose rokkie, 'n wit moesliene-bloesie en 'n wit valle-tjieskappietjie van nansoek. Maar Sondagvoormiddag is sy darem verplig om haar weeklikse, groot, geruit voorskoot oor hierdie Sondagskleertjies aan te hou solank sy in die kookskempie behulpsaam is.

Vir die weekdae het sy twee tabberdjies: 'n donkerbruine en 'n donkerbloue; en altwee sit ewe netjies en laat haar ook baie mooi lyk. Daar is egter groot verskil van opinie omtrent hierdie twee tabberdjies; sommige bure sê dat, as hulle haar eers 'n paar dae in die donkerbloue gesien het, sy dan vir hulle tog te mooi lyk om dan 'n ander een aan te trek. Maar ander mense sê weer dieselfde van die donkerbruine. Nog ander mense beweer dat sy in elke ander eenvoudige tabberdjie



## 'N BOESMANLANDSE NOOI

op 'n ander manier mooi is, en dat niemand dit verder sal kan duidelik maak nie. En dit is maar 'n moeilike saak om oor te redeneer, want selfs haar ma se ou swart, verbleikte kappie maak haar op 'n ander manier mooi as wat sy in 'n ander kappie was. 'n Bolandse handelaar het haar een dag bewonderend agterna gestaan en kyk toe sy bokkraal-toe stap, en uitgeroep: „Magtie, maar so 'n Boesmanlandse boernooi, nè?”

Een ding staan vas: Ouslientjie in haar eenvoudige Boesmanlandse kleertjies het menige dag menige jongkêrel se hart net so gou in liefde laat ontvlam as die skoonste Skotse „lassie” in haar aantreklikste „tartans” die harte van Skotse jongkêreltjies laat ontbrand het. En dit sê tog seker veel as 'n mens hierby dink hoe oorlede Robbie Burns en baie ander in sonnette en ballades die mooi „tartan-lassies” geroem en besing het.

En nog een ding staan vas: Ouslien is wel ook nie volmaak nie, maar sy is darem een van die mooiste en volmaakste wesentjies onder die Boesmanlandse son of in die hele Boesmanlandse heelaal. As sy verkoue het en haar ou keeltjie laat haar kastig ook hees praat, dan nog vloei die woordjies in die musikaalste klanke uit haar ou rooilip-mondjie — tenminste vir *ons* Boesmanlanders, is haar taal altyd soet, of sy nou verkoue het ofte nie.

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

As ons moet sê, dan is sy altyd vol opwekkende impulsies net om jou op te beur, aan te moedig, op te hef, te veraangenaam en te behaag. Maar pas 'n bietjie op: 'n mens moenie vir jou verbeeld dat sy vryerig van aard of 'n behaagsieke flerrie is nie — o nee, dit is sy nie; haar liefde, haar manier, haar aandrif en haar innerlike meegevoeligheid vloei voort uit 'n onskuldige en rein hartjie. En sy behaag, voel saam en bemin net dié wat dit werklik werd is, want sy is te fyngevoelig en nobel om haar skone pêrels voor swyne te werp. Sy kan in hierdie sondige wêreld heeltemal bo-oor alle laagheid en gemeenheid kyk, want soiets het haar nog nooit aangesteek of enige invloed ten kwade op haar uitgeoefen nie. Met ruwe geweld sal jy haar ou liggaamskraggies natuurlik breek, maar om vir haar met heuning, vleitaal, soetkoekies en begeerlike voorstellings te *mislei* of *verlei*, is puur verniet; sy wandel in helder daglig; sy is rein en skoon en kan dus vuilheid ruik; jy kan vir haar twee, drie soentjies vra, en as jy dit werd is, sal sy jou dit somar in teenwoordigheid van haar ouers gee; sy is onskuldig genoeg om nie onnodig skaam of beskimmeld te wees nie.

En tog, Ouslien is nie 'n engel nie. En ons probeer ook glad nie om van haar een te maak nie. Ons sê maar net wat sy is. En is dit onmoontlik en onnatuurlik vir die ou skone en ge-

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

sonde Boesmanland om so 'n mooi en goeie meisiekind te besit? Glad-nie: 'n land van so min vloekwoorde, dronkenskap, onsedelikheid, uitspattende modes, ens., en van soveel godsdienssin, goeie sedes en gewoontes, en met so 'n gesonde atmosfeer in dubbele sin, behoort ook sulke lieflike skepseltjies as Ouslien te hê.

Sy het vrede met die hele wêreld en is tevrede met alles, omdat sy altyd geduldig, baie vriendelik en minsaam is. Sy lyk altyd gelukkig, omdat sy g'n onmanierlikheid of misstappies soos in die algemene huislike lewe gewoonlik voorval, te betreur het nie.

Sy is dus 'n Ouslientjie met 'n lekker getwetjie wat haar nie somar maklik kan verwynt nie. Niemand kan dan ook lekkerder as sy slapenstyd slaap nie. En dis hierdie innerlike gesonde boerbedrywigheid op 'n boerwerf, en gesonde hemel wat die blakende gesondheid somarso uit haar blosende gesiggie laat straal.

Daar is mense wat sê dat die man die vrou, net solank hy nog nie met haar getroud is nie, vereer met afgodiese liefde. Want te veel gemeensaamheid baar veragting, en die dinge wat jy nie besit nie, het mos vir jou meer aantrekkingskrag as jou eie goed. Ook het Byron gemeen dat Petrarca nooit sy lewelank sonnette oor Laura sou geskrywe het as sy waarlik sy vrou was nie. Dit mag wel alles waar wees, ons voel ons nie

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

bevoeg om daaroor te redeneer nie. Maar ons meen darem dat ons van een ding seker is: As Dante of Petrarca Boesmanlanders was, en hulle het maar net vir Ouslien geken, dan sou sy hulle seker net so inspireer en besiel het as Beatrice en Laura dit gedoen het. En dis ook byna heeltemal seker dat Petrarca, al was hy ook met haar getroud, maar sou aangehou het om haar te besing. (Daar mag mense wees wat vir ons sal uitlag, omdat hulle sal dink dat ons vir Ouslientjie te hemelhoog opdra. Maar hulle moet dan maar lag en spot: As ons net om Ouslientjie se ontwil bespot word, is dit glad niks nie; net soos galante ridders vroeër in verre lande die kleure van hul geliefdes orals rond aan die wêreld getoon het, net so voel ons ook glad nie huiwerig om die ware kleure van Ouslientjie omhoog te hou nie. En wat daardie dapper kêrels uit die outyd vir hulle dametjies deurgestaan het, kan ons ook amper-amper vir ons Boesmanlandse dametjies deurstaan en verdra!)

En dan kan sy tog knaphandig werk, die Ouslientjie. Ons het haar op 'n goeie môre by die afslag en bewerking van 'n slagskaap so in die stilte gesit en bekyk, toe het sy eers groot bewondering by ons opgewek. Toe die skaap nou eers mooi dood was, het sy hom netjies op sy rug gedraai, die nodige paadjies oor sy pens en bene gesny, die blaaie, boude en sye weerskante

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

so effentjies met die mes skoon geslag en toe die vel verder in 'n oogknip van die vleis met haar regterhandjie afgestoot. Toe gryp sy weer die mes en toe begin die innerlike operasie.

Dit was 'n groot, vierjarige afrikanerhamel, en sy borsgebeente was sterk. Dit het haar egter niks geskeel nie, want sy sny eers die paadjie so reg oor die bors en tussen die twee ribbes dieper in, en toe sny sy net met 'n paar hale die borsbeen dwarsdeur en breek ook meteens somar die twee ribbes van mekaar af weg, sodat sy die nodige ruimte het om die ingewande (by ons binnegoed genoem) uit te haal en te bewerk. Haastig haal sy eers die grootpens uit en sit hom opsy om later uitgeskud, uitgespoel, en geskraap en afgewas te word vir gebruik by die afval. Nou deel sy die afgeslagte dier in die gewone stukke en hang hulle aan die vleispaal met baie vleishake. Handig slag sy nou eers gou die tamaai vet stert af; die vel aan die onderkant van die stert word so afgeslag dat daar heelwat vetjies aan bly, asook goed 'n vier-duim-punt van die stert self; hierdie stertvel met stertpunt en al word vir outa Joe-bejai, die ou skaapwagter, vanger en kopafsnyer van alle slagvee gegee, want hy braai dit vir hom as die lekkerste lekkerny van die hele Boesmanland.

Nou keer sy die pragtige, bloedrooi keelderm om, spoel hom terdeë af en stop toe in hom so 'n

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

lang reep borsvet; toe gryp sy die kleinpens en die vlerk- of blaaspens en gooi hulle in 'n groot kom water, want hulle het mos blaai soos 'n boek, en elke blad moet omgeslaan en baie noukeurig afgewas word. Ook die rondpensie, waarin die skaapkop se harspan moet gestop word, word in hierdie kom water gegooi. Daarop bewerk sy gou die lang, wit vlegderm en die vetderm, en toe begin sy al die binnegoed saam oor en oor te was en in te sout vir die ou groot hoepelrooster wat al klaar vuurwarm op die kole staan en wag.

Dit was dan ook nie lank nie, of sy het die keelderm, vetderm, vlerkpens, kleinpens, nier-tjies, lewer, hart en milt so verleidelik sag en bruin gebrui dat jy daarvan watertand. Dis dan ook gewoonlik die allerheerlikste geregte, hierdie, aan 'n Boesmanlandse agtuurtafel. En geen Boesmanlandse boerinnetje kan dit gouer en lekkerder voorberei as Ouslien nie. Nadat sy die skaap op sy rug gedraai het tot sy met die smaaklike gebrui uit die ou kookskerm pie tent-toe stap, is nog nie eens 'n volle uurtjie verstryk nie! Dit wil darem gedoen wees.

Ek glo nie die mejuffroutjies, lassies, ladies, fräuleintjies en mademoiselletjies van die ander lande sal dit vir Ouslien ooit kan nadoen nie. Ons wens 'n bioskooptoestel kon haar in haar werk afneem, want g'n huidige aktriese, al kom

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

sy ook uit Amerika, sou hierdie alledaagse stukkie boerwerk so interessant en natuurlik op die rolprent kan laat verskyn nie. En dis nie te sê dat Ouslien maar uit die laer stand is en dus net geskik vir die ruwe werk van 'n meid nie — o nee, haar vader is die kleinseun van 'n Hugenoot, 'n markies van Iourcoing in Frankryk, en haar moeder die kleindogter van ou Carel Heinrich Friedrich Voigt, van Duitse adel.

Toe, daar het ons nou die hele adellike afkoms van Ouslientjie! As jy haar daar gunter in ou Boesmanland vandag sou sien koring stamp, gars stamp, konfynt kook, was, stryk, lap, hekel en brei, sou jy nooit kon dink dat sy uit so 'n edel famielie stam nie. Maar werk is g'n skande nie, dis tog waar.

Was Ouslientjie ook nie so werksaam nie, sou ons haar ook nie ten volle kon waardeer het nie. Maar nou is sy van die vroeë môre tot die late aand besig soos 'n egte Boesmanlandse termietjie. Sy bring, sy gaan haal, sy loop kyk self, sy versorg, sy bedien, sy maak reg en sy hou reg; en al die tyd het sy nog baie tyd vir lekker lag en aangenaam gesels ook. Dis 'n meisiekind, hierdie Ouslien.

Oorlede professor Beets lê die volgende woorde in die mond van ene Van der Krop om die lieflike Keetjie ('n Noordbrabantse meisiekind) te beskryf: — „Kareltjie, je kent Keetjie niet!

## 'N BOESMANLANDSE NOOI

.... Keetje, het fijnst .... van alle Noordbrabantse meisjes ...."

En ons wil hier nou in alle beskeidenheid byvoeg: julle almal wat nie vir ons omtrent Ouslientjie wil glo nie, dis maar net omdat julle nog nie vir Ouslientjie ken nie! Ouslientjie, die mooiste en een van die beste van alle Boesmanlandse meisies. Kom kyk vir haar. Almal is heeltemal welkom. Deesdae gaan dit mos maar gou oor die langste pad. Die besoekers wat so gelukkig is om haar net onder die melkkoeie of melkbokke aan te tref, sal daar al reeds verstom staan oor haar lieflike houdinkies en bewonderenswaardige knaphandigheid.

Maar dit alles nou daar gelate. Nog net dit: Marie Corelli sê in haar boek *Free Opinions*, dat die Griekse vroue nog die dogters van Aphrodite is en dus nog haar skoonheid besit; nog die mooiste onder alle vroue is en daarom die lelies onder die blomme genoem word; maar na die Griekse vroue sê sy, verder, kom die dogters van die „Fortunate Isles of Britain” in skoonheid die eerste in aanmerking, en daarom kan hulle die rose onder die blomme genoem word. En daarvoor wil ons ook nie twis nie. Sê dus maar dit is so; maar dan is ons Ouslientjie darem die duifiedoringblommetjie, die skoonste, teerste en lieflikste blommetjies van die ganse Boesmanland.



## H o o f s t u k XVIII.

### 'N BOESMANLANDSE HOND.

Ten spyte van sy naam is Foxie tog 'n gebore Boesmanlander. Omdat hy so baie skelm strekies kon uithaal, het ons hom eers Jakkals genoem. Maar toe gedra hy hom weer een slag so lief en beminlik dat ons van sy naam 'n verkleinwoord vorm en hom Jakkalsie noem.

Later vind ons egter uit dat hierdie naampie met die drie sillabes alte omslagtig is, veral as ons hom haastig moet roep. Van toe af het ons hom maar Foxie genoem. En wonderlik, maar hy skyn tevrede te wees met die verengelste naam.

Hy het ook 'n jakkalsaard. 'n Mens moet vir hom oppas as dit 'n mistige môre is. Want hy is 'n skaaphond, maar handel en lyk nes 'n ware jakkals. Hy word somar plesierig op so 'n mistige môre en vergeet homself. Dan raak hy ewe goedsmoeds op die werf rond aan hardloop en dan kry die kuikens, varke, katte en lammers dit net hotagter — nie dat hy hulle dan somar soos 'n jakkals sal vang en toe-oog doodbyt nie — nee, — hy speel kastig net met hulle, maar hy speel dan darem ook net so geniepsig as n' kat met 'n muis.

Hy kan verskriklik steel. Daar was 'n tyd dat

## 'N BOESMANLANDSE HOND

dit niks gehelp het dat ons drie of vier dosyn hoendereiers op 'n dag kry nie: Foxie vreet hulle almal op voor ons by die neste kom.

Ou Grietjie, wat by ons bly, het hom uitgeskel en hom galgvoël en ou kalant genoem, maar daaraan het hy hom glad nie gesteur nie. Ons was later ook net die peetje in en het hom verskriklik boos aangekyk. Maar dit het hom ook nie getraak nie: hy steel maar eiers.

Toe sê die mense ons moet 'n eierdop vol fyn-gemaalde peper gooi en dit dan in sy bek stuk-kend druk. Goed, arme ek was die aangewese persoon wat hierdie plan ten uitvoer moes bring.

Ek het my eers kapot gesukkel om die eier sonder breek leeg te kry en weer vol peper te stop. Maar na ek baie eiers gebreek en my van voor lelik besmeer het, het dit my darem later geluk. Toe roep ek vir Foxie. Hy kom vriendelik nader en kyk my vraend aan. Ek wys hom die eierdop vol peper. Maar nee, hy wil daarmee glad niks te doen hê nie. Dis of hy wou sê: „Nee, jy kan maar die ou eiertjie vir jouself hou: ek kry genoeg uit die neste.”

Ek was egter vasbeslote dat hy die groot peperpil moes sluk; en so vang ek hom aan sy nekband en sukkel om sy bek oop te kry. Maar hy het lont geruik en byt op sy tande vas. Ek begin my toe somar te vererg en probeer om die eier met geweld in sy bek in te beur. Dit gee 'n

## 'N BOESMANLANDSE HOND

worsteling af, en eensklaps bars die eierdop — en daar staan ek met byna al die peper in my neus en oë!

Vervaard spring ek in die kombuisie en ruk 'n „pampoenskelepel” aan 'n haak om water uit 'n lampolieblik te skep en my te was en te lawe.

Ek was so vererg dat ek nie ordentlik kon praat nie. Ek vra vir ou Grietjie:

„En wie het ons eintlik die gemors van 'n raad van eier en peper gegee?”

„Maar ou Jas Neusgoed-hulle”, antwoord ou Grietjie.

„Nou, ou Jas Neusgoed-hulle se malle verstand, hoor!” antwoord ek boos terug.

„Maar kyk vir jou”, sê ou Grietjie ewe opgeruk, „waarom loop sê jy dit nie vir ou Neusgoed self nie?”

„Omdat jy beter is vir 'n boodskap aan hulle”, antwoord ek. (Ek wou maar twis soek, want ek was vies dat sy nie self die eierdop met die peper in Foxie se bek wou druk nie.)

Maar op my laaste woorde word ou Grietjie so verontwaardig dat sy byna nie kon praat nie. Met bitsige oë staan sy en kyk en sê net: „Gê, gê, maar dink dan!”

Meteens kom outa Bakkieslag by die kombuisie ingehardloop, met die woorde: „Die Foxie, die hond, die gavreet alweer hoeka ien die hoender by se nes!”

## 'N BOESMANLANDSE HOND

Ou Grietjie gryp die „pampoenoerestok” en ek die „pampoenskelepel”, en toe spring ons tegelyk weg hoederneste-toe. Maar my ouma by wie ek en ou Grietjie bly, sien ons hardloop en skree:

„Hier julle diets- en datskinders, sy julle my kombuisgereedskap nounet terugbring.”

En Ouma was so ernstig dat ons maar moes gehoorsaam. Toe vat ek 'n osriem, maar by dié tyd het Foxie ook weer lont geruik en laat spat van die neste af. Vir ure lank moes ons toe mooi broodjies bak om hom in hande te kry. Toe gryp ek hom aan sy agtervoet en stryk hom met die osriem. Maar o my wêreld, hy kyk my met die allersmekendste oë aan en lek my op die hand wat sy voet so wreed vashou! Selfs ou Grietjie word met innerlike jammerte bewoë. Toe knoop ek hom maar aan 'n paal by een van die neste vas en sê: „Nou toe, hier kan jy nou staan tot jy vrek!”

Maar skaars was ons daar weg, of outa Bak-kieslag, wat verdere ontwikkelings moes dophou, kom weer aangehardloop, met die woorde: „Die Foxie, die hond, die gavreet alweer hoeka die paar oorskieteiers!”

Ouma is ook 'n ou vrou wat eindelijk kan kwaad word. En toe sy nou die jobstyding kry dat ook die paar oorskieteiers gevreet word, raak sy ook die vier perde in. So kon dit darem nie

## 'N BOESMANLANDSE HOND

gaan nie. Kersfees en Nuwejaar was op hande, en waar moes die eiers vandaan kom om koek te bak? En so gryp Ouma nou die dikste besemstok. Ou Grietjie en ek volg toe haar voorbeeld en wapen ons ook — sy met 'n ou hark en ek met die ou broodskop. Maar Foxie is 'los van haar en los van vel; jy kan hom knoop soos jy wil, maar hy stroop hom uit soos seep. Nog so vasgebind, het hy die nes kon bykom en lekker staan en smul, maar toe ons hom bestorm, het hy somar weer lont geruik, hom so lag-lag losgeruk en laat spaander. Hy is mos ook 'n hond met 'n gedurige skuldige gewete.

Ouma gaan trap vas en probeer om hom die besemstok agterna te stuur, maar sy tuimel vooroor en die stok val agter haar af! Sy was darem ook te dik en ongemaklik vir hierdie soort wraakoefening. Toe ou Grietjie en ek haar weer op die been gehelp het, was sy uitasem, bloedrooi in die gesig en nog vaster beslote as eers dat Foxie nou darem eenmaal tot sy plig moes gebring word.

Ouma roep toe somar al die plaasvolk bymekaar en gebied hot en haar om vir Foxie te vang en vlak voor haar te kom oopspalk vir 'n baie goeie loesing.

Dit gee toe net 'n hele gedoente af, want van alle kante storm tweebeelige wesens met klippe, stokke of ander moordtuie. En Foxie het hier

## 'N BOESMANLANDSE HOND

geflikflooi en daar stert gekwispel, maar toe hy sien dat almal doodernstig en gans onversoenlik is, het hy skielik regs omgedraai en onverwags onder Ouma se voorskoot sy kop vir beskerming gaan probeer insteek! Ouma was totaal uit die veld geslaan. En toe roep ou Grietjie nog uit: „Ai, julle, julle, kyk, daar gaan smee en bid hy nou vir sy eie ounôï om genade!”

En toe al die plaasvolkies nog boonop ewe moordlustig daarop toestorm, verander Ouma dadelik van gevoel en skree: „Loop, julle is ver-spot!”

Toe streel Ouma oor Fokie se kop en sê vir hom: „Kyk, ou hondjie, jy moenie weer jou ounôï se hoendereiertjies steel nie!”

En toe lag Fokie met 'n wawyd bek en smyt hom onderworpe dwarsoor Ouma se voete neer en slaan die grond met sy langharige stert dat die stof so trek.

Tog het Ouma darem maar nie die ding ten volle vertrou nie, want sy gelas toe vir outa Bakkieslag om in vredesnaam van nou af voortaan die hoederneste streng te bewaak en die eiers betyds uit te haal.

En outa Bakkieslag was so boos op „die Fokie, die hond”, dat hy hom gou van die hoederneste vergoed verwilder het.

Ouma het baie goeie eierlêers aangehou, en teen Kersfees was daar dan ook meer as te veel

## 'N BOESMANLANDSE HOND

eiers vir gebruik. Maar toe het Foxie weer ander strekies begin uit te haal. Onder ander het hy ou Jas Neusgoed-hulle se kleinvee soms op 'n mistige môre bestorm, 'n bok of skaap mooi handig uit die trop afgekeer en die dier dan somarso speel-speel die veld ingejaag.

Ons was toe baie teleurgesteld toe outa Bak-kieslag ons weer van hierdie splinternuwe erger-nis kom vertel. Ouma stuur my toe om by ou Jas Neusgoed-hulle ons verskoning te maak oor ons hond se streke. Die ou man, sy vrou en hul twee seuns was net lelik vererg; en hoe ek ook al praat, hulle hou net daarop dat hulle mans genoeg is om hulle vee self te laat rondjaag en te laat martel as hulle net so verspot wou wees. En dan bekyk hulle my op so 'n snaakse manier dat jy sou sweer ekself is Foxie, die hond. Ek was later so skaam dat ek in doodverleentheid probeer groet en daar padgegee het.

Ons Afdelingsraad het 'n baie slegte gewoonte gehad. So teen Kersfees en Nuwejaar, wanneer ons almal probeer om bly en opgeruimd te wees, stuur hulle iemand om by ons die verbrande wiel- en hondebelaasting in te vorder. Dan kan jy jou maar versondig en jou laaste ou sjielinkie en ou sikspensie wat jy nog so graag aan al die heerlike feestelikhede wou spandeer, vir die ongewenste belastinginvorderaar oorhandig. Toe ek nog doodskaam van ou Jas Neusgoed hulle

## 'N BOESMANLANDSE HOND

af tuiskom, sit Ouma juis met so 'n belasting-agent en redetwis. En toe sy my sien, vra sy: „Wat sê ou Jas Neusgoed-hulle?”

En na ek haar gou vertel het hoe dit afgeloop het, sê sy vir die man: „Nou toe, daar hoor jy nou self watter sonde en ergernis die hond my aandoen; so kan jy hom maar doodskiet, want ek sal jou vir hom nie 'n pennie betaal nie.”

Die man lag doodgerus en antwoord: „Nee, my ou Tannie, doodskiet is uit die mode.”

Toe vat hy sy sakboekie om daarin te skrywe.

„En wat wil jy nou maak?” vra Ouma.

„Tannie se naam en adres opskrywe en aan die Afdelingsraad oorhandig”, antwoord hy.

Dit was te veel vir Ouma. Sy skrik en vererg haar tegelyk. Sy bewe dan ook so dat sy nie die 5 s. vir die hond uit haar sakgeldjies wat uit sikspense en trippense bestaan, kan tel nie. Maar die man kyk haar gesukkel geduldig aan tot sy tog eindelijk klaar was; toe smyt sy sonder 'n woord die 5 s. voor hom op die tafel neer.

„Dankie, my ou Tannie”, sê die man.

Maar Ouma draai hom die rug en sê aan my: „Toe, my kind, jy het self gehoor wat ou Jas Neusgoed-hulle van ons gesê het, en jy het ook self gehoor wat nou net weer van my naam en adres gesê is — dus loop nou, roep al die plaasvolk bymekaar en maak nou eenmaal vir Foxie dood . . . dood, hoor jy?”



## 'N BOESMANLANDSE HOND

„Ja, Ouma”, antwoord ek, en ek spring by die deur uit met ou Grietjie en die hondebelaastingman agteraan — die man, om weer ander bure te gaan versondig, en ek en ou Grietjie om nog iets aakligers by te woon. Al die plaasvolk behalwe outa Bakkieslag, was gou te kry. En Foxie was ook nêrens te sien nie. Ons kyk, ons soek, ons roep, maar hierdie twee bly weg. Eindelike het outa Bakkieslag ons glo darem hoor roep, want toe kom hy van 'n dam kort bokant ons ou gesaaidetjie af aangehardloop. Hy is uitasem, maar skree al van ver af: „Die Foxie, die hond . . .”

Maar ons val hom in die rede en sê dat hy nou maar van Foxie se nuwe katterkwaad kan stilbly, want hy moet tog nou dood. „Hô, hô!” roep outa Bakkieslag verontwaardigd uit, „das nie daing wat ek sal toelaat nie.”

En sonder om verder van ons klompie notisie te neem, draf die ou na Ouma. Nuuskierig om te weet wat nou weer aan die gang is, hardloop ons hom almal agterna. En toe hoor ons 'n snaakse storie.

„Hô, my ounô, hô”, sê ou Bakkieslag, „die Foxie, die hond, hy's nie die hiersô se hond nie; hy hette nou galeer die varke op te pas; en daar salle kragtie nie een varke kom in die gesaaidetjie nie!”

Outa Bakkieslag was eintlik die persoon wat

## 'N BOESMANLANDSE HOND

aldag kort-kort moes hardloop om die varke van ons ou gesaaidetjie af weg te keer. En deur uitvra kom dit nou uit dat die ou dikwels vir Foxie hierdie werk probeer leer doen het; dat Foxie dit nou ook al verstaan; en dat hy nou juis met die varke daar onder in die brakboslaagte wei!

Ons gaan almal kyk tot Ouma ook, want dit was darem te wonderlik.

En ja, waarlik, daar wei die varke, en daar staan Foxie aan die gesaaidetjie se kant en bekyk die troppe vroetelende swyne so aandagtig dat hy ons nie eens gewaar nie!

„Julle, julle, kyk tog net hoe verstandig en hoe trou werk hy nie vir sy ounôï nie!” roep ou Grietjie uit.

Outa Bakkieslag staan soos 'n groot meneer manhaftig en hand in die sy en sê: „Hô, ek had mos gasê das nie die hiersô se hond, die Foxie nie.”

En hy wat Foxie is, bekyk nou eers die hele vergadering van taal en nasie verwonderd aan en kom toe kwispelstertend na Ouma. Ouma streel hom en sê: „Arme ou hondjie, jy moet maar jou ounôï vergewe dat sy netnou so kwaad was.”

En toe smyt Foxie hom voor haar neer, maar spring somar weer op en dans lag-lag om haar rond om te toon dat hy waarlik uit sy hele hart uit alles, *alles* vergewe en vergeet het . . .

Die volgende môre was die lug ongelukkig dig

## 'N BOESMANLANDSE HOND

betrokke van 'n dik, slepende mis. Jy kan byna niks sien nie. Outa Bakkieslag moes vir Foxie soek om hom met die varke te help. En met die soekery maak die ou 'n vreeslike ontdekking. In ons ou steekgraswaenhuis is 'n plat stellasië van paaltjies gemaak waarop dikwels stene seep gepak word om uit te droog. Op hierdie stellasië kry outa Bakkieslag Ouma se groot, vet skaaphans, en voor die stellasië staan Foxie. Die ou jong het gou die ware toedrag van sake agtergekom. Foxie het met die hans gespeel, en toe dit later darem te kras gegaan het, het die swaarlywige dier op die stellasië probeer spring, met die gevolg dat sy twee voorbene albei tussen die dwarspaaltjies ingegly en in die worsteling om los te raak ook albei morsaf gebreek het!

Dit was die treurigste allertreurige gebeurtenisse op arme Ouma se plaas. Dit was tog so 'n mooi dier, so 'n mak dier, so 'n ware oogappel-dier. Hy het brood uit ons almal se hand gevreet; hy was so sag, so vreedzaam; hy was ons liefeling. En arme Ouma het hom gespaar vir die dag van nood en dood. . . .

Outa Bakkieslag was self so aangedaan dat dit hom baie moeite gekos het om ons van sy vreeslike ontdekking te vertel. En hoe verslae ook, arme Ouma moes die stomme dier maar laat kop afsny om hom van verder lyding te red. Maar toe was dit darem ook by ons almal 'n uitge-

## 'N BOESMANLANDSE HOND

maakte saak dat Foxie uit die weg moes geruim word. Toe adverteer ons hom onder elke Jan Rap en sy maat, en spoedig was daar 'n brand-arm ou kêrel met 'n vrou en huis vol kinders wat tog so graag 'n hond wou hê. Ons kon die ou man se voete soen toe ons sien hoe gretig hy was om vir Foxie te vat. Dit was so soet om so maklik van alle sondes en ergernisse ontslae te raak. Ouma het haar glad vergeet en die ou man selfs bedank, omdat hy haar ou „hondjie” vat. En kort daarna het ons Kersfees met blydschap, rus en vrede gevier. Maar op Nuwejaarsdag het daar 'n wonderlike ding gebeur. Vroeg die môre kom outa Bakkieslag, die ou bode van alle onheile, weer uitasem in ons kombuisie, waar ou Grietjie en ek vir Ouma met die nuwejaarskos behulpsaam is en sê: „Hô, ounôï, die Foxie, die hond, die lyk hy kan vrek!”

„Wat, wat sê jy daar?” vra ons tegelyk.

Maar die ou het weer by die deurtjie uitgespring en kom kort daarop met 'n uitgeteerde en na-aseem-hygende dier in. Die stomme ding was voetseer, uitgeput en in die treurigste toestand. Sy flou oë het jou aan trane herinner, maar hy probeer nog om 'n ou stert te swaai, en toe smyt hy hom weemoedig voor Ouma se voete — dit was die gees van Foxie!

Baie minuutjies het verstryk eer ons weer tot besinning kon kom. En toe sien ons eers hoe

## 'N BOESMANLANDSE HOND

doodmoeg hy is en hoe dood-, doodhonger! Ons harte het gebreek toe ons hom so aankyk. En ons was woedend op die ou man dat hy die arme dier in so 'n toestand laat raak het. Ewe halsoorkop skrywe Ouma hom dan ook 'n kwaai brief oor dieremishandeling en stuur dit met outa Bak-kieslag.

Dieselfde namiddag was die ou man persoonlik daar. Hy sê Ouma se brief het hom met verbasing vervul, want hy het Foxie vir 15 s. aan 'n trekker verkoop wat graag so'n skaaphond by sy vee wou hê; en dié trekker woon in die land waar die son ondergaan. Maar toe wys ons Foxie vir hom, en toe wou hy saam met ons in tranes uitbars. Hy gaan sit op sy hurke langs ou Foxie en streel hom diepmedelydend oor kop en rug en sê: „Heei ja, Foxie, ons is jou baie dank verskuldig, want met die 15 s. vir jou het ons alle nodige toebehoordinkies gekoop, heerlike nuwejaarskos gemaak, ons juis vanmiddag daaraan te goed gedoen, vrolik gewees en fees gevier. En jy? Kyk in watter toestand het dieselfde 15 s. jou gedompel! Wie weet wat jy deurgestaan het daar in die verre, vreemde land waar die son ondergaan! Toe het jou hart gebrand van verlange, en toe het jy soos 'n verlore seun deur die woestyne heen maar huiswaarts gekeer.”

Toe die man só praat, toe moes ons ons koppe wegdraai. Want arme Foxie kan mos nie praat

## 'N BOESMANLANDSE HOND

nie; daarvoor het hy mos maar net sy ou flou oë en sy ou stert tot sy beskikking. Maar die taal van die ou oë en die ou stert gaan tot in jou siel. . . .

Ouma wou om die dood nie weer van Foxie skei nie. Die ou man het om die ou redelose dier gesoebat, maar hy moes toesien. Hy het mos reeds 15 s. ontvang. En aan die trekker wat daar so ver en gunter woon, sal Ouma ook wel een dag sy 15 s. teruggee.

En Foxie weet nou ook van swaarkry en ernstige nadenking wat tot opregte inkeer lei. En hy het vreeslike, dooie Boesmanlandse vlaktes deurgevlug om eindelijk onder die haglikste omstandighede tuis te kom. En hy is met oop arms ontvang, en het nog kon deel in die Nuwejaarsfees. En nou het hy alle ou neiginge en luste laat vaar en op die Nuwejaar 'n splinternuwe begin ten goede maak. En nou is hy 'n baie soet „hontie” van sy ounôï, en dus is sy spyt en berou heeltemal opreg.

## Hoofstuk XIX.

### OU DANSTER WORD AARDIG.

Ou Danster moes van sy sesde jaar af kalwers, varke of lammers oppas om te lewe. Tog het hy 'n verlore seuntjie gebly en maar baie armoedig gelewe. Jarelank was sy enigste kledingstuk 'n ou velkaros. En wat hy sy lewelank sal behou is 'n gevaarlike „boekmaag”. Hy het baie deur gestaan, maar is vandag nog so taai soos staal. Ongeriewe soos hongerly, koue, hitte, naaktheid en ander harde ontberings het nou op sy oudag nog glad g'n effek op hom nie. Onder alle omstandighede lag hy vandag nog met almal en bly maar aldag dieselfde. Om die waarheid haat hy niemand nie; jy kan hom maar kwaai, grof en reguit op al sy foute en misdade wys — hy sal net lag en sê: „Maar hoor dan tog nou.”

Siekte, smart en dood maak op hom g'n indruk nie. Al doende het hy tot vandag toe nog niks geleer nie, want eie ondervinding was vir hom nooit 'n meester nie, en dus het hy deur selfs skande en skade nog nie wys geword nie. Hy kan darem ook dankie sê oor 'n aalmoes of om 'n guns, maar dis vir hom net hol klanke sonder betekenis; sy hart sit nooit in sy woorde nie. Vir ander mense kan hy niks goeds uitdink of enige

## OU DANSTER WORD AARDIG

plan maak nie; en vir homself ook nie, of hy moet eers in die knyp raak — dan is hy skielik oorlams genoeg om homself uit die moeilikheid te red. Sy ou pondokkie kan maar vir sy part verrot en vergaan — dis niks. Hy kry nie die gedagte om 'n ander hutjie aanmekaar te plak voor die oue eers oor sy klapperdop neerslaan nie. Dit kan maar die ou velskoene van sy oubaas wees, of dit kan maar die gawe stewels van sy kleinbaas wees, hulle gee hom dit verniet: Hy sê hy kan nie ysternael in die grond slaan met „velgoeters” aan sy voete nie. „Ek word ok te banoud daar oender op die end van my ou liggaam”, sê hy, „as ek daar goeters aantrek.”

Hy slyt dus sy lewe blootsvoet en slaan daaglik ysternael in die grond, want stap soos 'n ander mens kan hy nie.

Maar hy gebruik 'n sigbare en tasbare middel om hom in hierdie daaglikse en vinnige bewegings aan te moedig: Hy het ewig 'n klein, kort swepie waarmee hy homself oor die heupe en bene aanpiets, as hy so aanhoudend galop of bokspring.

Al gee sy baas hom ook 'n splinternuwe hoed, dan sny hy dadelik die rand teen die bol af, want hy dra net skoon hoedebolle of musse sonder enige rand: „Die ding rand”, sê hy, „hy voeter net al bo-oor my oë dat eek kan dwarskyk ok nie.”



## OU DANSTER WORD AARDIG

Vir Danster is daar g'n verlede of toekoms nie. Hy leef en dink net vir en aan die hede. Jy hoef hom dus nie na sy geslag of sy ondervindings uit te vra nie. Hy steur hom daar nie aan wie en wat sy mense was nie, of hoe hy vantevore geleef het nie. Wat verby is, is by hom verby sonder een enkele woordjie of gedagte daaroor. En netsomin steur hy hom aan môre en oormôre.

Hy skyn te geloof dat hy ewig op die wêreld sal bly en dat sy oubaas hom ewig aldag sy stukkie kos sal oorhandig. Sê vir hom sy oubaas sal eendag te sterwe kom en dan sal hy by niemand genadebrood kry nie. Dan sal hy jou uitlag. Soiets is vir hom g'n gebeurlikheid nie, en dan kry hy snaaks dat jy so dwaas is om so'n onmoontlikheid voor te stel — daarom lag hy.

Vir baie jare moes hy alaande naby die huisdeur op sy hurke sit om na die huisgodsdienste te luister. Maar al die jare het hy daar gesit en tog niks gehoor nie. Sy oubaas het dit van die begin af geweet en het dus menige aand ook vir hom gebid en selfs met hom gepraat. Maar Danster het nooit oor hierdie saak iets te antwoord gehad nie. Dit was so goed of jy praat met 'n dooie meubelstuk in die huis. Die oubaas het soms vererger geword. Dan sê hy: „Kyk hiersô, Danster, jy moet nou luister, want ek gaan nou dieselfde

## OU DANSTER WORD AARDIG

storie weer oorvertel, en dan moet jy iets antwoord."

Soms het sy oubaas weer mooi broodjies gebak en hom wat wonders beloof as hy net 'n bietjie wou luister. Maar dit het alles niks gehelp nje. Nooit is uit hom één woordjie terugverkry van wat aan hom verkondig of selfs by hom tot vervelens ingehamer is nie.

Hy kan ook steel, maar hy noem dit by 'n ander naam, want hy steel net onder seker omstandigheid: „Eek had die ou tabelmes gavat”, sê hy, toe hy op die daad betrap word, „want eek had my ou gavloor.”

En dis net wanneer ou Danster iets onontbeerliks van hom verloor het dat hy diefstal pleeg en dit dan „gavat-wat-eek-gavloor-had” noem. Op hierdie manier het die ou skepsel al baie keer gesteel, maar meesal was dit ou „tabelmesse”, want hy verloor nogal dikwels sy ou mes. Knipmesse steel hy nooit, want hy sê: „Die kneepmes daing ees te lastrag, want hy staan mos nie altyd oop soos die tabelmes om altyd te sny nie.”

En jy kan hom maar vang as hy gesteel het. Dit skeel hom hoegenaamd niks wat jy dan sê of met hom doen nie. Skaamte, kwaad, vies, spyt en berou ken hy nie. En harde bestraffing of sagte berisping het albei op hom nie die minste uitwerking nie. Jy kan hom dus op g'n denklike wyse laat voel of besef wat hy gedoen het nie.

## OU DANSTER WORD AARDIG

Deur g'n trek, woord of gebaar sal hy jou ook kwalik neem om jy hom voor stok gekry het nie. Hy is steeds tevrede met alles en almal. In sy oog is jy altyd reg, maar hy ook. Hy moet omtrent so redeneer: Jy het reg om te kere te gaan oor jou artikel wat hy jou ontsteel het, maar hy het darem ook reg om jou te ontnem wat hy „gavloor” het. En van hierdie soort redenasie is hy nie te kry nie, want hy is rotsvas op sy manier.

Hy is nou 'n ou kêrel wat vir g'n kleintjie vervaard word nie. Ons het by 'n vreeslike onweer vuurstrale met donderende geluid langs hom sien neerslaan. Ons was buiten onself van skrik, maar moenie glo hy nie. Astrant, kalm en doodgerus het hy maar sy gang gegaan asof daar glad niks gebeur het nie. Deur al die jare het niemand hom ooit getref, verras of geskok gesien nie. In sy oog het nimmer 'n tekenjies van simpatie gekom nie. Hy het maar altyd teen alles gehard en verhard gewees.

Op 'n goeie môre het sy kleinbaas vir hom met trane in die oë gesê: „Ai, outa Danster, my dierbare moeder wat ook vir jou so 'n goeie ounôï gewees het, is mos skielik vannag oorlede.”

Op die oomblik het die ou toe net ongeërg gesê: „Maar hoor dan tog!” en toe daarop sy hand uitgesteek en gevra: „Asblies tog 'n prumpie twak, my kleinbaas.”

## OU DANSTER WORD AARDIG

Sy oubaas het later van hom gesê: „So 'n ou klipsteen op wie hoegenaamd glad geen indruk te maak is nie.”

Tog het ons eendag tot ons grootste verbasing uit sy eie mond moes hoor dat hy darem tenminste ook „aardig” kon word. Dit het op die volgende manier gebeur. Sy oubaas se trop lammerskape was op 'n ander plaas, goed 20 myl van sy woonplaas af. Toe sê sy oubaas vir hom op 'n Oujaarsdagaand:

„Ou Danster, jy het jou in die afgelope jaar darem so bietjie beter gedra as vorige jare. Dis jammer dat ek nie eerder daarvoor gedink het nie, anders kon ek vir jou 'n lekker vet lam van die lammerskaap gister laat kom het saam met my slagding; dan kon jy môre op Nuwejaar jou eie persent-lam na hartelus gebraai en geëet het. Maar onthou net, as jy jou weer in die Nuwejaar so goed gedra, dan sal ek sorg dat jy aanstaande Oujaarsdag jou lam kry.”

Die volgende Nuwejaarsdagmôre het ou Danster nie sy verskyning op die werf gemaak om sy gewone bekertjie koffie nie. Toe word later na hom geroep en gesoek. En eindelijk kry hulle hom by sy verflenterde streepsak-skuilinkie, besig om die pragtigste en vetste lam van sy oubaas te braai. „Jou maaivoedie, waar kry jy die lam?” vra sy oubaas.

„Vannag galoop vat”, antwoord hy doodbedaard.

## OU DANSTER WORD AARDIG

„Maar jy mag mos nie self vat nie, en dit nogal die beste, vetste en grootste! Ek het mos gesê ek sal jou later self een gee”, verwyf sy oubaas hom.

Toe word ou Danster kwaad. Hy draai ook somar sy rug na sy oubaas, maar loer darem oor sy skouer en sê verontwaardig:

„Later gee is nie *nou* gee nie; later puur bog; later oubaas kan gavergeet het en later eek kan te aardig wees om te vra.”

„Dit was regtig snaaks om te verneem dat ou Danster, die ou klipsteen, bekommerd is dat hy dalkies ook eendag sal aardig word”, het sy oubaas later aan ons gesê, „daarom het ek hom toe maar laat begaan.”

En so was dit ook. Immers, die dood van sy naaste bloedverwant, die ellendige, sieklike toestand van sy ou suster, die bitterste teleurstellings van sy omgewing, die rampe wat die diepste tref en die seerste maak — niks, niks het nog ooit op hom enige effek gehad nie. Van hom kan met waarheid gesê word: „Hij trok zich geen van al deze dingen aan.”

Van maerte het sy oubaas se vee een jaar amper almal gevrek. Swart en wit het die stomme ou kêrel bejammer, maar dié ou skepsel nie. Mismoedig het sy oubaas hom toe een môre sit en bekyk en gesê: „Danster, jy leef net om jou

## OU DANSTER WORD AARDIG

vol te vreet en leeg te slaap, en leeg te slaap en vol te vreet en so voorts en so voorts."

Tog eensklaps het daar kort daarna op 'n onvergeetlike môre glad buiten aller verwagting die wonderlikste ding van die wêreld gebeur: Ou Danster het „aardig” geword! Hy het dit self verklaar. Dit was op 'n Oujaarsdagmôre. Toe kom hy na sy oubaas, skud sy kop en sê: „Ai, oubaas, dan voel eek tog vanmôre so aardig, so aardig, ja so bietjie *baie* aardig.”

„Waarom dan?” vra sy oubaas nuuskierig.

„Om weer 'n lam te vra vir die Niewiejar”, antwoord hy, „maar balofte maak skeuld.”

---

## Hoofstuk XX.

### VOORBODES IN BOESMANLAND.

My grootouers van moederskant het drie dogters gehad, Hannie, Annie en Koot. Annie was my eie, dierbare moeder. Maar in die tyd waarvan ek nou wil vertel, was hulle nog aldrie ongetroud. Een dag het hulle 'n afstand van agtien myl te voet afgelê om by hulle tante se dogters, Hannie, Miemie en Koot, te kuier.

Daar was in dié dae nog ware liefde onder oud en jonk, en daarom was dit toe ook g'n skande of te groot moeite vir die jongnooiens om agtien myl te voet te stap op 'n kuiertjie nie. Hulle ou tante en hulle drie niggies was dan ook alte bly om hulle te ontvang. Alles is gedoen om hulle genot te verskaf. Die ou tante, oorlede ouma Janetjie Grootjan, soos ek haar vandag moet noem, was nog van die soort oumense wat 'n oog oor jongmense gehou het en nie somar alles vir hulle laat aanvang het nie. Tog was sy so bly oor haar susterkinders se kuiertjie dat sy die ses dogters maar seker dingetjies oogluikend toegelaat het.

En my grootouers het ook goed geweet dat hulle kinders dit lekker sou hê by hulle ousus Janetjie. Al ons oumense het mos mekaar vertrou, omdat hulle mekaar uit liefde en in liefde

## VOORBODES IN BOESMANLAND

so goed leer ken het. Daarom was daar ook in dié dae baie meer voorbodes as vandag, want selfs by die dood — veral by 'n onverwagte geval — het die opregte harte van daardie dae nog gou hulle vriende, bekendes of bloedverwante tot op verre afstande in die vorm van voorbodes gesoek en gevind.

Oupa en Ouma was dan houtgerus; hulle kinders is mos veilig by ousus Janetjie. Die kinders is reeds vier dae weg, maar dis niks: laat hulle maar goed en lekker kuier, want as hulle eers tuis is, moet hulle weer hard werk.

Oupa en Ouma het nou ook gaste, want oom Isak, oom Gert en ousus Kleinie het vir hulle kom kuier. Lekker sit hulle nou en gesels in die „voorhuis”, soos ons vroeër 'n voorkamer genoem het. Dis omstreeks vyfuur in die namiddag. Die voorhuis het 'n onder- en bodeur gehad. Die onderdeur was toe en sy werwel aangedraai. Die bodeur was wawyd oop. Toe opeens, so onder die gesels, klop daar iemand aan die onderdeur.

„Kom maar binne, mister Linne!” roep Oupa en Ouma tegelyk. („Mister Linne” was nie 'n mens wat hulle verwag het nie: dis somar 'n rympie wat die twee oumense graag gebruik het as hulle iemand hoor klop het.)

Maar toe daar niemand op deeskeer se uitnodiging van hulle verskyn nie, toe sê Oupa: „Aag



## VOORBODES IN BOESMANLAND

wat, dis seker 'n hond of 'n kat wat hier aan die deur kom voeter het."

Ouma en die ander mense was egter so oor-  
tuig dat hulle die werklike geklop van 'n mens  
se hand gehoor het, dat hulle somar almal die  
deur bespring. Maar op die lang stoep was g'n  
sterfling nie.

Opeens word Ouma toe baie ongerus en wou  
nie weer lag of gesels nie. En skaars was elkeen  
weer op sy sitplek, of dieselfde duidelike geklop  
was nogmaals aan die voordeur: vyf harde  
kloppe.

„Kom binne!" roep oom Isak nou ernstig.

Maar Oupa en Ouma spring somar weer na  
die deur om nou seker van hulle saak te wees.  
Daar was egter nêrens 'n lewende wese te bespeur  
nie. En Oupa en Ouma kyk nog so verwonderd  
en verskrik na buite rond, toe daar skielik 'n  
dreuning losbreek net soos groot klippe wat op  
'n seker afstand teen bergsteiltes afrol. Almal het  
dit gehoor, en dit was daarby so duidelik dat  
almal dit ook eenstemmig vir die gedruis van  
rollende klippe of rotse oor ruwe afgronde op-  
geneem het.

Ouma was skielik bleek in die gesig en wou  
nie 'n woord praat nie. Net eenmaal het sy vir  
Oupa gesê: „Karel, ons moet maar tevrede wees,  
maar ons sal 'n vreeslike tyding van ons naaste  
bloedverwante hoor."

## VOORBODES IN BOESMANLAND

Toe het Oupa die ou gryns hoof laat sak en geantwoord: „Ja, ons lot is in die Here Se hand.”

Die gaste wou hulle nog met allerhande praatjies gerusstel, maar daar was niks aan te doen nie, want ook selfs die gaste was so uit die veld geslaan oor alles wat hulle so duidelik gehoor het, dat hulle nie één met oortuiging iets kon sê nie. . . .

In die late aand by die huisgodsdienst het Oupa langs die ou eettafel op sy knieë lank en ernstig die ewige welsyn van al die bloedverwante en bekendes aan die Opperwese opgedra. En na die diens het oom Isak en oom Gert (want hulle het die aand daar gebly) weer probeer om hulle ou broer en suster in opgewekter stemming te kry, maar toe opeens was daar skielik weer die vyf harde kloppe aan die deur. En meteens stap oorlede oom Giel, 'n seun van ouma Janetjie, en wat toe nog jonk en fris was, by die deur in. Hy het die vreeslike tyding gebring: Die ses dogters het dié agtermiddag na die hoë Bokveldskranse gestap. Daar het hulle gesing en blomme gepluk. Toe stel een van ouma Janetjie se dogters voor dat hulle na 'n seker ou bekende uilnes onder 'n ruwe rif moes gaan. Almal neem die voorstel aan behalwe tant Hannie, my eie ouma se oudste dogter. Sy sou maar op een van die rotse sit en die wêreld bekyk tot die ander weer terugkom. En die vyf dogters sê hulle het

## VOORBODES IN BOESMANLAND

nog van onder die rif of vir tant Hannie hoor sing:

„Waarheen, Pelgrims, waarheen gaat gij . . .”

Maar net daarop het hulle 'n geweldige gedruis van neerploffende klippe gehoor. Verskrik het hulle toe teruggegaan en gou uitgevind dat die stuk rots waarop tant Hannie laas was, met haar en al in die diepte verdwyn het. Van die dogters het 'n sekure oorlosietjie gehad; dit was net om vyfuur dat hulle die gedruis gehoor het. Angstig het hulle oor die geweldige rotsgevaartes afgetuur en toe 'n verskeurde en verbryselde liggaam diep onder op 'n plat klipbank gesien. En kort daarna het die vyf dogters bleek, bewend en uitasem by ouma Janetjie aangehardloop gekom om te beduie wat op daardie onvergeetlike vyfuur gebeur het.

Oupa en Ouma en al hulle gaste was ook tot aan hulle dood toe seker dat hulle almal op dieselfde tyd die agtermiddag die vyf kloppe gehoor het. Al hierdie oumense het nog jare en jare na hierdie gebeurtenis gelewe. Hulle was nog van die ou getroue en waarheidsliewende soort wie se woord wet en ja en amen was. En menigmaal het die een of ander van hulle ons op verskillende tye dieselfde voorval net eners, sonder enige afwyking, en met oortuiging vertel.

Van die dogters lewe nog en het ons self die plek waar die stuk los rots omgekantel het, aan-

## VOORBODES IN BOESMANLAND

gewys. Die ganse distrik het vir Oupa, Ouma en ons ooms en tantes geken, en niemand het ooit aan hulle woord getwyfel nie. Ook was Oupa, Ouma, oom Gert, oom Isak en tant Kleinie nie alwetend nie, en kon dus nie vooruit geweet het wat op 'n afstand van agtien myl gebeur nie. Daar het dus eenvoudig vooruit na hulle 'n boodskap gekom om hulle voor te berei vir iets treurigs.

## II.

Ek weet nog van meer sulke ware gevalle. Slegs van een sal ek hier vertel, omdat hy so groot van die ander verskil: In al die ander gevalle waarvan ek weet, was die persone wat die voorbodes ontvang het, kalm en houtgerus en het nie juis gedurig aan die een of ander persoon (wat die onheil getref het) gedink nie. Maar in hierdie geval was sake glad anders — soos dit netnou sal blyk.

My oupa van vaderskant het in 1864 sy bediening as predikant neergelê weens hoë ouderdom. Toe het hy en sy gesin stil en rustig op 'n boereplaas gewoon. Sy twee dogters, tant Hannie en tant Lenie, het toe privaat skool gehou by bure. Hulle het g'n vakansie behalwe Kerstyd en Nuwejaar geken nie. Dus was hulle net in hierdie tyd tuis by hulle ouers. Eenmaal het hulle weer so kort voor Kerstyd huis-toe gekom. Dit was

## VOORBODES IN BOESMANLAND

dan altyd 'n lekker geselsery en uitvraery. Ook moes die gelde wat verdien is, noukeurig getel word, en die sommetjie van die een by dié van die ander vergelyk word. En daar dit 'n vrolike tyd was, moes ook by oumas Kowa en Janetjie gaan kuier word, tabberdjies gemaak word en tog so baie koek gebak word.

Maar hierdie slag was met tant Hannie niks te beginne nie. Sy was ingetrokke en wou nie praat nie. En daar sy maar 'n astante tante was wat jou somar sou beledig het, het niemand dit eens gewaag om haar na die oorsaak van die eensydigheid te vra nie. Maar oom Fien, haar lieflingsbroer, het darem later gevra: „Maar, sus Hannie, wat makeer jy?”

Toe antwoord sy: „Loop, ek is kwaad!”

„Maar waarom dan?” vra oom Fien weer.

„Om ek Jannie nie te groet gekry het nie, hoor!” antwoord sy nors.

Jannie was 'n twaalfjarige en veelbelowende kind wat by haar — baie ver van haar ouers se huis af — skoolgegaan het. Dit was 'n slim, beleefde en soet kind. Sy het baie van hom gehou. En noudat sy hom om die een of ander rede by haar vertrek op vakansie nie te groet gekry het nie, nou het sy g'n duurte in haar ouderlike huis nie. Sy het dan ook meestal buite op die stoep onrustig rondgewandel en kort-kort na die pad na Jannie se huis gekyk. So het drie en 'n

## VOORBODES IN BOESMANLAND

halwe dag omgegaan. En nou was sy eers onrustig. Dis al eenuur en baie warm. Al haar mense rus 'n bietjie in donker, koel kamers. Maar sy stap op en neer onder die priel en kyk na die pad. Opeens vlieg sy in die huis en skree met 'n vrolike stem:

„Lenie, Lenie, sit gou 'n stukkie kos op; hier kom Jannie aan!”

Haar suster en twee broers was verwonderd oor hierdie nuus en vra haar verder uit. Toe sê sy dat sy nou net vir Jannie op sy pa se swart hings hier kort voor die deur sien aankom het. Dit was vir hulle te erg om te glo, want Jannie se vader sou hom nooit op daardie baldadige stalperd laat klim het nie. Tog het hulle vir tant Hannie geken en hulle kon sien, dat sy tot in haar siel seker van haar saak is.

Sy wip dan ook somar weer uit om vir Jannie binne te nooi. Maar wie beskryf haar verbasing en skrik toe sy nou nêrens iets bespeur nie? Sy hardloop na die pad om haar broers die plek te wys waar sy Jannie sien aankom het, en waar sy gans seker was dat sy hulle die vars perdespore sou kon toon. Maar ook daar was niks te sien nie. Daarop raak sy bedroef aan huil en sê: „Nou wag maar, julle sal van iets vreesliks hoor wat op hierdie selfde oomblik gebeur het: onthou maar net, toe ons huisklok eenuur slaan, het ek vir Jannie sien aankom.” Maar tant Lenie en

## VOORBODES IN BOESMANLAND

die twee broers het self ook die klok hoor slaan en sou dit nooit vergeet nie. . . .

Die tyding het eers gekom na Jannie al begrawe was. Dit was 'n brief van Jannie se moeder aan tant Hannie. Op dieselfde dag en uur het 'n ou aia die moeder uit haar middag-russie kom verskrik met die hartverskeurende woorde: „Noordstar het vir Jannie doodgegooi!”

Die ou staljong moes vir Noordstar, die swart hings, water-toe lei. Toe soebat Jannie só dat die outa hom op die perd moes tel. Die onnosele oujong willig in; hy sou die perd mos self aan die stang vashou en lei. Maar die lewenslustige dier het hand-uit geruk en Jannie teen die grond gegooi: sy nek was af.

In hierdie geval was die persoon dae voor die voorbode reeds onrustig. En hierdie onrustigheid het nie voortgevloei enkel en net omdat sy die kind nie gegroet het nie. Want tant Hannie het my self vertel dat sy gevoel het dat die nie-groetery nie die hooforsaak kon wees nie. Volgens haar eie woorde het sy haar selfs hard teëgesit om die onrustigheid van haar af te werp. Sy sou mos tog weer gaan skoolhou en die kind weer ontmoet. Maar dit het haar alles niks gehelp nie. Sy kon maar nie rus of duurte kry nie. 'n Gedagte dat sy Jannie elke oomblik sou sien en moes sien, het hom vir meer as drie dae by


## VOORBODES IN BOESMANLAND


haar opgedring, en onwillekeurig het haar oë gedurig na die pad gebeur tot sy Jannie dan ook werklik gesien het.

En op die dag van hierdie voorval het sy in teenwoordigheid van al haar huismense al haar ondervindings met dag, uur en minuut getrou opgeteken. En lange jare daarna het selfs klein kinders van die famielie die ou aantekeninge van tant Hannie en die ou brief van die moeder van Jannie self gesien en gelees.

---







DE RECHTEN  
DE RECHTEN

baix

ZA 839.3634 DE  
HOUBAIX